**Skriflesing**: **Kolossense 2 vers 6 tot 15**
**Tema**: **In die triomftog van Xtus**

Die beeld wat in hier gebruik word is die van die triomftog of oorwinningstog van 'n seëvierende Romeinse generaal. Die Romeine het gereeld oorlog gemaak. Dit was een van hulle gunsteling tydverdrywe. Hulle het in die somer oorlog gemaak en in die winter bietjie herstel.

Hulle het nie TV, radio of sosiale media gehad om die wêreld te vertel dat hulle gewen het nie. Hoe wys jy vir die mense dat jy gewen het? Deur 'n oorwinningstog in Rome te hou. In so 'n oorwinningstog is krygsgevangenes kaal uitgetrek. Hulle het agter in die optog geloop, waar met hulle gespot is. Die soldate van die wenspan het hulle vyande se buit by hulle gehad. Die seëvierende generaal was voor in die optog op 'n strydwa getrek deur vier wit perde. Hy het 'n loerierkrans opgehad en wierook is gebrand.

As kinders van die Here is ons saam met Hom in Sy triomftog. Hy het in ons plek gesterwe en het opgestaan as bewys dat Hy ons twee grootste vyande verslaan het.

**1. Hy het vir ons sondeskuld betaal (Kolossense 2 vers 14)**
Die beeld wat hier gebruik word is dié van 'n slaaf. In Jesus se tyd was 'n slaaf die eiendom van iemand anders. 'n Slaaf het aan sy baas behoort. Die baas kon met die slaaf maak wat hy/sy wil. Al manier hoe 'n slaaf kon vrykom was deur "loskoping." Indien iemand die slaaf se prys vir sy baas kon betaal, sou die slaaf vrygelaat word.

As een van ons aan iemand iets skuld, teken ons 'n kontrak of skuldbrief waarin ons onderneem om ons skuld terug te betaal. In 'n seker sin is jy in die mag van die ouens vir wie jy skuld.
As gevolg van ons sonde was ons in skuld by God. Ons kon op geen manier ons skuld betaal nie - nie deur aanbidding of gehoorsaamheid of op geen ander manier nie. Ons sondeskuld het net meer en meer geword. Die loon van hierdie sonde is die dood.

Toe kom Jesus en aan die kruis betaal Hy ons skuld op een slag af. In Sy voorlaaste kruiswoord roep Hy uit "Tetelestai", wat beteken 'dit is betaal'. Ons sak vol sondeskuld is betaal.

Ons wat kinders van die Here is, het saam met Christus gesterf. Ek en jy was dood as gevolg van ons sonde. Na Christus se opstanding is ons nie langer dood of onder die dwang van ons sondige natuur nie. Ons sondes is vergewe. Ons lewe! Ons is saam met Christus uit die dood opgewek en daarom lewe ons 'n oorwinnaarslewe.

Ons sien duidelik hier in Kolossense wie ons voorheen was en wie ons tans in Christus is. Een oomblik was ons kaal saam met die krygsgevangenis in Christus se triomftog. Die volgende oomblik het Christus almal van ons se lewens radikaal verander. Hy verander ons van krygsgevangenes na oorwinnaars wat, saam met Hom, in Sy triomftog saamloop.

Almal van ons het 'n onbetaalbare sondeskuld gehad. Ons was dood as gevolg van ons sondige natuur. Christus het ons sondeskuld betaal. Hy neem ons sondige natuur weg sodat ons nie meer 'n slaaf van ons sondige natuur is nie. Sonde is nie meer ons baas nie, ons is vrygekoop. Ons is geestelik besny. Deur die woord 'besnydenis' te gebruik beklemtoom die skrywer die radikale finale wegneem van ons sondige bestaanswyse. In Christus oorwin ons die geneigdheid tot sonde, ons slegte begeertes en selfsug. Wanneer ons in geloof aan Hom oorgee, wek Hy ons op tot lewe.
Ons lees in Kolossense 2 vers 13 dat God ons saam met Christus lewend gemaak het deurdat Hy al ons sondes vergewe het.

Al my skuld is betaal! Die wete laat my oor die dak spring van dankbaarheid. Ek kan nie anders as om in dankbare diensbaarheid tot die Here se eer te lewe nie!

**2. Hy het die bose magte en satan, as aanvoerder, oorwin. Deur Sy kruisdood en opstanding het Hy hul mag gebreek. Hulle is verewig in die verloorspan (Kolossense 2 vers 15)**

Ons het reeds gekyk na die treffende beeld van die triomftog van 'n seëvierende generaal. Die bose magte moet soos krygsgevangenes nou magteloos in kettings agter Jesus, as die groot wenner,

aanstrompel. In hierdie optog vier ons Jesus se oorwinning feestelik. Die bose is hulpeloos uitgelewer aan die spot van die mense op straat.

In Christus kan ons nie meer onder ‘n binding staan nie. Al ons sondes is vergewe. Ons deel in die triomf van die Here. Ons stap saam in Sy oorwinningsoptog.

Hoe deel ek in **‘n skuldvrye lewe** en in die **triomftog van Christus**?
Ek neem Hom as Here in geloof aan. Geesvervul volg ek waar Hy my lei. Ons lees hier vier maal dat ons in verbondenheid met hom moet lewe. Die twee beelde waarmee die skrywer verbondenheid met Hom teken, is dat ons in Hom **gewortel** en op Hom **gebou** vas in die geloof sal wees.

Om in Hom gewortel te wees laat my dink aan die eerste verse van Psalm 1:
“1 Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,
2 maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.
3 Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.”

In 1 Korintiërs 3 vers 11 lees ons: “want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus.” Ons moet in geloof op Hom as fondament gebou wees. Dan sal ons kan staande bly teen die aanslae van die bose.

Die kern van kerkwees en van geloof is dat ons Jesus Christus as Verlosser sal aanneem en in ‘n lewende verhouding met Hom sal leef. Mag Kolossense 3 vers 11 van ons waar wees: “Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, anderstalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.”

In die boodskap lees Kolossense 3 vers 11 soos volg:
“Dit maak nie saak of iemand nog altyd ‘n kerklidmaat was en of hy eers laat in sy lewe ‘n Christen geword het nie. Hy vra nie of iemand kan lees of skryf of waar hy vandaan kom nie. Nog minder vra Hy hoe belangrik iemand in die gemeenskap is en of hy ‘n goeie werk het of nie. Al wat God vra, is of Christus in iemand se lewe is. Want al wat regtig in die die lewe tel, is net Christus.”

Kom stap saam in Sy triomftog!

**Amen**